Wonder

Die Here het vir die Israeliete gesorg. Hy het by verskillende plekke vir hulle water gegee. Hy het elke dag in die woestyn vir hulle manna (brood) en kwartels (vleis) gegee om te eet. Tog het hulle gereeld by Moses gaan kla. Meer nog, hulle het dikwels daar in die woestyn terugverlang na die dae toe hulle nog slawe in Egipte was. Kan jy dit glo! Die Here het hulle uit Egipte gered en met baie wonderwerke tot daar gelei, en elke keer was hulle opstandig en wou hulle net teruggaan Egipte toe.

⇨ Hoekom dink jy het dit gebeur? Hoekom het die Israeliete so opgetree?

⇨ Wat kan jy doen om te keer dat jy dieselfde fout maak as die Israeliete?

Werksaam

Verbind die woorde in Kolom A met die regte betekenis in Kolom B met 'n pyl.

Kolom A	Kolom B
1. Moses (Eks 2)	1. Uittog
2. Massa (Eks 17)	2. Rusie
3. Manna (Eks 16)	3. Vreemdeling
4. Meriba (Eks 17)	4. Uitgehaal
5. Mara (Eks 15)	5. Wat is dit?
6. Gersom (Eks 2)	6. Op die proef stel
7. Eksodus (Inleiding voor Eks 1)	7. Bitter